

1 Augustus 2013

Skrifgedeelte: Genesis 49:8-12

Fokusgedeelte: Genesis 49:10

Christus triomfeer

God laat Jakob van sy sterfbed af die toekoms van elke seun van hom sien. Hy stel die bestemming van die stamme van Israel in die vooruitsig en lê dit in sy woorde vas.

Daar is baie hartseer oor wat in die verlede deur sommige van die seuns gedoen is en met hulle gebeur het. Oor Juda is daar vreugde. Jakob sê aan Juda die eersgeboortereg toe. En sy broers sal hom hiervoor erken. Hy word gesien as 'n jong leeu in sy krag, een wat nie maklik versteur kan word nie. "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete." Hy sal heers.

Op hierdie manier kom die beloftes wat aan die mens in die tuin van Eden toegesê is na sy sondeval, op Juda oorgedra. Ook dié aan Abraham: "In jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees." Die hoogtepunt in die seën oor Juda is die plek wat Silo in die voorsegging inneem. Silo is 'n aanduiding van die Messias. In Hom word die seën van Juda vervul. Jesus Christus is die leeu uit die stam van Juda (Openb. 5:5). Dit is Hy wat die oorwinning oor die duiwel, die sonde en die dood behaal het. En deur sy dood en opstanding bring Hy ons oor in die koninkryk van God. Ons lewe onder sy heerskappy van genade nou en vir altyd. Ons verwag 'n ryk van volheid. Voor Hom sal ons buig in dankbaarheid vir sy liefde en met blydschap doen wat Hy ons beveel.

In 'n wêreld wat flenters is van haat en geweld is dit die roeping van elke gelowige om met sy hele lewenswyse aan die liefde van Jesus Christus, ons Koning, gestalte te gee en dit aan die mens in sy ellende uit te deel.

Sing: Skrifberyming 7-1:1

Ds. PB de Klerk (Emeritus)